

## **Hoe ek die skool in die toekoms sien**

**deur Melissa Zeelie**

### **Laerskool van Reede**

Deesdae is alles in die wêreld tegnologies gedrewe aangesien dit ons daaglikse lewe vinniger, meer produktief en effektief maak. Nuwe generasies sal nie by die tradisionele skoolsisteem baat nie aangesien die huidige manier nie noodwendig iemand sal toerus met belangrike vaardighede soos: probleemoplossing en kritiese en kreatiewe denke nie. My fokus vir die skool van die toekoms is om op 'n omgewingsvriendelike wyse tegnologie te implementeer sodat hierdie vaardighede aangeleer kan word.

Een van die kritiese komponente met gevorderde tegnologie is dat die klem geplaas word op omgewingsvriendelikheid en hoe alles in die wêreld tot voordeel van ons planeet gedoen moet word. Deur gebruik te maak van hernubare maniere om krag op te wek soos sonspanele en weg te beweeg van papier, sal ons reeds 'n verskil kan sien binne tien jaar.

Niemand kan deesdae sonder tegnologie funksioneer nie. Tegnologie in die klaskamer kan die prosessering van werk makliker verstaanbaar maak vir leerders. Nadat onderwysers die werk verduidelik het, kan tegnologie gebruik word vir addisionele navorsing en om 'n verskeidenheid van bronne te raadpleeg. Dit sal vir ons meer indiepte inligting bied oor die onderwerp en vir ons interessante feite en inligting gee.

Dit sal leerders motiveer om meer te wil leer en dinge uitvind oor die onderwerpe waarmee hulle besig is. Die tegnologie gaan dalk vir die studente iets nuut leer wat hulle kan gebruik om die wêreld te verander of dalk te verbeter. Vakke sal gereeld geëvalueer word om te verseker dat dit steeds relevant is en dat daar werksgelenthede daarvoor beskikbaar is. Daar sal steeds verpligte vakke soos wiskunde en tale wees aangesien dit belangrik is vir kritiese denke en die basis is vir alle ander vakke. Die skole se prestasies sal baie verbeter aangesien die fokus sal wees op dit waarin hulle belangstel en leerders sal gereed wees vir die wêreld van werk.

Die tegnologie sal ons help om te verstaan hoe dinge werk en hoe dit ontdek word. Dit sal vir ons wys hoe om nuwe vaardighede te leer en te doen op 'n vlak wat ons nog nie van leer of weet nie.

Tegnologie gee vir ons die geleentheid om uit die boks te dink en nuwe innovasies te skep. Probleme sal op 'n kreatiewe manier benader word en die sisteme wat ons sal uit dink sal nie net ons lewenstandaard verhoog nie, maar ons plaaslike gemeenskappe sal ook daarby baat. Die fokus van huidige onderrig en leer wat inhoudsgebaseerd is, sal wegbreek na praktiese vaardighede wat eendag in die praktyk gebruik kan word.